

WINS VANUIT VOORTGESETTE BEDRYGWIGHEDE

R889 miljoen

31% ↑



WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VANUIT VOORTGESETTE BEDRYGWIGHEDE

242,3 sent

27% ↑



BEDRYFSKONTANTVLOEI PER AANDEEL

215,5 sent

40% ↑



Tussentydse finansiële resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009

www.aspenpharma.com

Healthcare. We Care.

Kommentaar

GROEPPRESTASIE

Aspen se wesenverdiens te per aandeel, vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009, het gestyg met 27% tot 242,3 sent. Bedryfswins het 16% gestyg tot R1,314 miljard en omset het gestyg met 10% tot R4,576 miljard. Die laer netto finansieringskoste en die verlaagde belastingkoste, as gevolg van 'n artikel 12G industriële aansporingskorting, het veroorsaak dat wins na belasting uit voortgesette bedrywighede gestyg het met 31% tot R889 miljoen. 'n Uitstekende vertoning deur die Suid-Afrikaanse besigheid het die resultate ondersteun.

AFHANDELING VAN DIE GLAXOSMITHKLINE ("GSK") TRANSAKSIES

Aspen het met ingang van 1 Desember 2009 'n reeks strategiese, interafhanklike transaksies met GSK ("die GSK-transaksies") wat op 12 Mei 2009 aangekondig is, afgehandel. Die GSK-transaksies bestaan uit:

- Die verkryging van die regte om GSK se farmaseutiese produkte in Suid-Afrika te versprei;
- Die skep van 'n samewerkingsooreenkoms tussen Aspen en GSK wat betrekking het op die bemaking en verkoop van voorskryf farmaseutiese produkte in sub-Sahara Afrika;
- Die verkryging deur Aspen Global van agt spesialiteits handelsmerkprodukte (Alkeran, Leukeran, Purinethol, Kemadrin, Lanvis, Myleran, Septrin en Trandate) vir verspreiding wêreldwyd;
- Die verkryging van GSK se vervaardigingsfasiliteit in Bad Oldesloe, Duitsland; en
- Die uitgifte deur Aspen van 68,5 miljoen gewone aandele aan GSK teen R66,80 per aandeel, wat in totaal R4,576 miljard bedra.

SUID-AFRIKAANSE BESIGHEID

Die Suid-Afrikaanse besigheid se omset het gegroei met 23% tot R2,550 miljard. Bedryfswins uit die Suid-Afrikaanse besigheid het gestyg vanaf R484 miljoen tot R806 miljoen. Ander bedryfsinkomste sluit 'n bedrag van R145 miljoen in wat afkomstig is uit die ontvangs van versekeringsbetalings as vergoeding vir die verlies aan winste en om bates te vervang, wat spruit uit die ontploffing by die Nutritional Fasiliteit in Augustus 2009. Winstmarges het verbeter sedert die inkrimpings in die vorige twee jaar wat veroorsaak is deur 'n swak Rand en 'n vertraging in die toekenning van 'n verhoging in die gereguleerde enkeluitgangsprys ("EUP") in die privaat farmaseutiese mark. 'n 13,2% verhoging in EUP is in Februarie 2009 toegeken. Die marge verbetering is as gevolg van 'n verbetering in vervaardigingsdoeltreffendheid, 'n sterker Rand, aankoopbesparings, asook 'n bydrae vanaf die verhoging in EUP.

Die farmaseutiese divisie het die groei gelei in die Suid-Afrikaanse besigheid, met omset wat gestyg het met 30% tot R1,975 miljard. Die Groep het sy leierskapsposisie in die privaat- en openbare sektore van die farmaseutiese mark behou. Aspen se sterk groei in farmaseutiese produkte is gekenmerk deur volumewins regdeur die uitgebreide produkaanbieding.

Die verbruikersdivisie se omset het gestyg met 6% tot R575 miljoen te midde van 'n kleinhandelsomgewing wat gesukkel het om die gevolge van die resessie te oorbreg. Onder huidige handelstoestande was dit 'n verdienstelike uitslag, veral aangesien verkope van babamelformule negatief geraak is deur die tydelike onbesikbaarheid van sekere produkte as gevolg van die skade by die Nutritional vervaardiging fasiliteit.

Die doeltreffendheid van die Groep se vervaardigingsfasiliteite het indrukwekkend verbeter namate die voordele van die beduidende kapitaalbestedingsprogram van die afgelope paar jaar begin vrugte afwerp het. Die tweede orale soliede dosis vervaardigingsfasiliteit en die oogdruppelarea van die Steriele Fasiliteit, is in produksie. Die hormonale area van die Steriele Fasiliteit is geskeduleer om voor die einde van die 2010 finansiële jaar met kommersiële produksie te begin. Kapitaalprojekte wat aan die gang is, sluit in die verhoging van tabletteringskapasiteit en die installering van lakseermiddel en duitse medisyne vervaardiging by die Oos-Londense perseel. Herkonstruksie van die droogtooring wat deur die ontploffing by die Nutritional fasiliteit beskadig is, in 'n gevorderde stadium en daar sal na verwagting in die volgende ses maande met produksie begin word.

SUB-SAHARA AFRIKA BESIGHEID

Aspen het in afwagting op die toekomstige realisering van hierdie streek, 'n afsonderlike bestuurs- en rapporteringstruktuur vir die sub-Sahara Afrika besigheid geskep. By hierdie besigheidsegment word ingesluit uitvoere na sub-Sahara Afrika uit Suid-Afrika, die Shelys Afrika besigheid wat in Oos-Afrika gebaseer is en die GSK Aspen Healthcare for Africa samewerkingsooreenkoms.

Omset uit die sub-Sahara Afrika besigheid het gedaal vanaf R464 miljoen in die vorige tydperk tot R279 miljoen en bedryfswins het afgeneem vanaf R99 miljoen tot R45 miljoen. Die skerp omswaaiing in die streek se resultate kan toegeskryf word aan die verlies aan uitvoerbesigheid as gevolg van die generisering van gepatenteerde ARV molekules wat deur Aspen bemark word. Verkope deur Shelys Afrika het ook gedaal namate hierdie besigheid lae marge tenders verloor het ooreenkomstig die onderneming se strategiese plan, sonder enige uitwerking op wins. GSK Aspen Healthcare for Africa het op 1 Desember 2009 met sakebedrywighede begin en sal in die toekoms die grootste bydraer tot dié streek wees.

INTERNASIONALE BESIGHEID

Omset in die internasionale besigheid het gestyg met 12% tot R1,797 miljard. Wins uit globale handelsmerke, die Asië Pasifiese plaaslike handelsmerke, die onkologiebesigheid en die bykomende omset uit die GSK-transaksies is deels teengewerk deur omswaaiings in Latyns-Amerika. Bedryfswins het gedaal van R554 miljoen tot R463 miljoen grootliks as gevolg van verliese in Latyns-Amerika en 'n verstewiging van die Rand teenoor die meeste van die onderliggende geldeenhede.

Omset uit die globale handelsmerke het gestyg met 18% tot R824 miljoen. Die grootste gedeelte van hierdie inkomste spruit uit Eltroxin, Lanoxin, Imuran en Zyloric wat met ingang 30 Junie 2008 verkry is. Wêreldwye verkope van hierdie vier globale handelsmerke het dubbelyfergroeï in VSD aangeteken. Die res van die groei in die globale handelsmerke was afkomstig uit die toevoeging van Aggrastat en die bekendstelling van die agt produkte wat met ingang van 1 Desember 2009 ingevolde die GSK-transaksies verkry is.

Die Asië Pasifiese plaaslike handelsmerke het 'n 8% styging in omset tot R522 miljoen aangeteken. Hierdie besigheid, wat hoofsaaklik in Australië gebaseer is, het weereens goed presteer te midde van die afwaartse prysdruk wat in die gebied ervaar word.

Aspen het sy koopopsie uit die oorblywende 49% aandeelbelang in die Latyns-Amerikaanse besighede uitgeoefen. Gegewe dat Aspen alreeds oor volle regte op die ekonomiese prestasie van hierdie besighede beskik, word geen verdere koopteenprestasie vereis vir die verkryging van hierdie oorblywende aandeelbelang nie.

Omset uit plaaslike handelsmerke in Latyns-Amerika het met 15% tot R345 miljoen gedaal. Die grootste onderpresteerder was die Brasiliaanse besigheid, Aspen se grootste onderneming in die streek. Aspen het volle bedryfsbeheer van die Brasiliaanse besigheid aanvaar vanaf Februarie 2010 en het 'n herstruktureringplan in werking gestel om hierdie onderneming in lyn te bring met die besighheidsmodel wat die Groep vir Brasilië beplan. Sleutelaksies sluit die volgende in:

- Verkoop van geselekteerde bates, met insluiting van die Campos Fasiliteit en verwante produkte aan Strides Arcolab ("Strides"). Die teenprestasie ontvangbaar vanaf Strides beloop ongeveer VSD75 miljoen;
- Hersamestelling van besighedstrukture en verkoopsplanne in lyn met die nuwe besighheidsmodel; en
- Identifisering en ondersoek van geleenthede om die privaat mark produkportefeulje uit te brei, waarvan onderhandelinge ten opsigte van sommige reeds ver gevorderd is.

Die verkoop van die Campos Fasiliteit sal afgehandel word sodra die vereiste reguleringsgoedkeuring verkry is. Intussen is Strides aangestel om Campos te bestuur met gevolglike aanvaarding van die risiko's en vergoeding van hierdie onderneming. Daar word verwag dat die Brasiliaanse besigheid se prestasie oor die volgende ses maande sal verbeter namate die herstruktureringplan in werking tree.

Die onkologie gesamentlike ondernemings wat Aspen met Strides het, het in Desember 2009 'n lisensierings- en verskaffingsooreenkoms met Pfizer aangegaan ingevolge waarvan Pfizer die eksklusiewe regte het om die onkologieprodukte in die Verenigde State te bemark. 'n Vooruit nie-terugbetaalbaar lisensiefooi van VSD12 miljoen is in die ses maande tydperk tot Desember 2009 verrek, waarvan 50% reeds erken is, wat Aspen se aandeel ingevolge die gesamentlike ondernemings is.

BEFONDSING

Lenings, netto van kontant, het verlaag vanaf R4,0 miljard op 30 Junie 2009 tot R3,5 miljard op 31 Desember 2009. Sterk bedryfskontantvloei en gunstige wisselkoersbewegings was die grootste bydraers tot hierdie afname. Die laer skuldvlakke en die bykomende aandeelkapitaaluitgifte na aanleiding van die GSK-transaksies het die Groep se hefboomfinansiering vanaf 51% op 30 Junie 2009 tot 29% verbeter.

Rente betaal, na aftrekking van rente ontvang, van R190 miljoen was sewe maal gedek deur dienste voor rente, belastinge en amortisasie. Wins op buitelandse valuta en vooruitdekkingskontrakte het R32 miljoen (2008: R27 miljoen verlies) bedra namate onderliggende geldeenhede verstewig het teenoor die VSD-gedenomineerde verpligtinge.

VOORUITSIGTE

Aspen het sy leierskapsposisie in die Suid-Afrikaanse farmaseutiese sektor gevestig deur meer as 'n dekade van ongeëwenaarde sukses in die bedryf. Die Groep is gunstig geposisioneer om hierdie leierskap te handhaaf met 'n uitstekende produkpylyn wat gereed is om waarde toe te voeg tot die mees uitgebreide produkaanbieding in die mark, en word geondersteun deur 'n uitstekende span. Die openbare sektor tenders wat onlangs toegeken is, bevestig weereens Aspen se produksie mededingendheid met die Groep wat steeds die grootste verskaffer van farmaseutiese produkte aan die regering is. Die ARV-tender moet nog toegeken word. Die ARV-tenderdokumente moet nog gepubliseer word, alhoewel daar verwag word dat die tender voor die einde van hierdie finansiële jaar toegeken sal word. Die onlangs aangekondigde ondersteuning van plaaslike vervaardigers ingevolge die Suid-Afrikaanse Regering se Nywerheidsbeleid Aksieplan is bemoedigend asook die fokus op die ontwikkeling van die farmaseutiese bedryf in Suid-Afrika.

Die fundamentele groeirywers van die Suid-Afrikaanse farmaseutiese mark is steeds ongerep. Hierdie groei sal egter waarskynlik ingeperk word deur 'n vertraging in die jaarlikse EUP-prysverhoging deur die Departement van Gesondheid. Die laaste prysverhoging het in Februarie 2009 geskied. Suid-Afrikaanse farmaseutiese maatskappye sal dus vanaf Februarie 2010 tot op die datum van die prysverhoging die gevolge van wisselkoersveranderinge en inflasie moet absorbeer.

Die verbruikersbesigheid in Suid-Afrika het in die moeilike handelsomgewing sterk vertoon, maar groei sal waarskynlik deur die ekonomiese toestande ingeperk word. Volledige verskaffing van die babamelprodukte is herstel deur die invoer van produk uit Europa. Algehele prestasie-aanduiders sal steeds verwing wees totdat volle produksie deur die Nutritional fasiliteit vervat word en die versekeringsbetalings vereffen is.

Die sub-Sahara Afrika besigheid se vooruitsigte is uitstekend. Die toevoeging van GSK se bestaande portefeulje by Aspen se pylyn van toepaslike produkte met die gepaargaande ondersteuning van GSK se bewese verspreidingsnetwerk, behoort aan die GSK Aspen Healthcare for Africa samewerkingsooreenkoms groter toegang tot hoë gehalte medikasie in die streek te verskaf. Shelys Afrika beskik oor 'n aktiewe produkbevestigingsplan vir die res van die finansiële jaar namate hierdie onderneming sy fokus op die privaat sektor besigheid verskerp.

Die inskaking by die Aspen internasionale verspreidingsnetwerk ("die netwerk") van globale handelsmerke wat in die verlede verkry is, is ver gevorderd. Die Groep is in 'n posisie om 'n invloed uit te oefen oor bemarking-aktiwiteite wat betrekking het op die produkte wat aan die netwerk oorgedaar is. Derde party verspreiders in die netwerk sal na verwagting nagenoeg 10% van die bestaande inkomste uit die globale handelsmerke absorbeer. Die voortsetting van die groei wat tot op hede in die globale handelsmerke bereik is, sal as teenmiddel hiervoor vereis word. Projekte is in werking gestel wat in die medium termyn sal lei tot beduidende koste van goedere besparings vir die globale handelsmerke. Daar sal steeds ondersoek ingestel word na geleenthede om die globale handelsmerkportefeulje uit te brei.

Die Asië Pasifiese onderneming sal na verwagting voortgaan met sy uitstekende groeirekord, toevoeging tot die produkreeks wat versprei word. Die Groep het 'n maatskappy in Hong Kong gestig om die derde party verspreiders wat in Suid-Oos Asië ontplooi is, te bestuur. Toekomstige beleggings in die streek word ook ondersoek. Daar word verwag dat die inwerkingstelling van die herstruktureringplan in Brasilië voor die einde van die finansiële jaar positiewe resultate sal oplewer, wat die prestasie in die Latyns-Amerikaanse streek sal verbeter. Die belegging in internasionale produkpylyn bly steeds 'n belangrike fokusarea vir die Groep. Dit sal oor die komende twee tot drie jaar groei momentum vir alle marke skep.

Die afhandeling van die GSK-transaksies sal die Groep se strategieë in Suid-Afrika, sub-Sahara Afrika en internasionaal bevorder. Groei sal vir die res van die finansiële jaar ingeperk word deur die vertraging van 'n styging in die EUP terwyl 'n omswaai in die Latyns-Amerikaanse besigheid tot verbeterde prestasie deur die internasionale besighede in die tweede helfte behoort by te dra. Relatiewe wisselkoersbewegings sal steeds resultate beïnvloed.

Op las van die Direksie

N J Dlamini

Voorsitter

Woodmead – 3 Maart 2010

S B Saad

Groep Uitvoerende Hoof

DIREKTEURE

N J Dlamini (Voorsitter)*, A J Aaron*, R Andersen*, M G Attridge, M R Bagus*, J F Buchanan*, S A Hussain*, C N Mortimer*, D M Nurek*, S B Saad, S Zilwa*.

OORDRAGSEKRETARIS

Computershare Investor Services (Edms) Bpk
(Registrasiensnommer 2004/003647/07), Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 1053, Johannesburg, 2000).

GEREGISTREERDE KANTOOR

Gebou nr 8, Healthcare Park, Woodlandsweg, Woodmead

MAATSKAPPYSEKRETARIS

H A Shapiro

*Nie-uitvoerende direkteur

Groep staat van finansiële posisie

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 Rm	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2008 Rm	Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	2 952,3	2 289,7	2 373,5
Belegging in geassosieerdes	21,3	23,8	22,5
Klandisiewaarde	688,2	677,7	398,4
Ontasbare bates	7 849,8	4 635,2	4 103,6
Langtermyn finansiële bates	5,3	45,2	5,2
Uitgestelde belastingbates	46,8	1,9	17,8
Totale nie-bedryfsbates	11 563,7	7 673,5	6 921,0
Bedryfsbates			
Voorraad	2 169,2	1 495,0	1 434,6
Ontvangbares, vooruitbetalings en ander korttermyn finansiële bates	2 424,1	2 093,5	2 100,9
Kontant en kontantekwivalente	1 959,5	1 560,1	2 065,3
Totale bedryfsbates	6 552,8	5 148,6	5 600,8
Totale bates	18 116,5	12 822,1	12 521,8
AANDEELHOUSERSEKWITEIT			
Aandeelkapitaal en aandeelpremie	5 097,4	507,9	509,8
Tesourie-aandele	—	(571,6)	—
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	68,8	75,0	53,3
Nie-verdeelbare reserwes	(212,5)	319,0	(170,3)
Behoue inkomste	4 511,0	3 332,2	3 627,9
Gewone aandeelhouersekwiteit	9 464,7	3 663,5	4 020,7
Ekwiteitskomponent van voorkeuraandele	162,0	162,0	162,0
Totale	9 626,7	3 825,5	4 182,7
Minderheidsbelang	85,9	66,8	80,3
Totale aandeelhouersekwiteit	9 712,6	3 892,3	4 263,0
LASTE			
Nie-bedryfslaste			
Voorkeuraandele – Aanspreeklikheidskomponent	389,6	399,4	392,2
Lenings	3 051,5	4 206,0	3 433,8
Uitgestelde betaalbares en ander langtermyn finansiële laste	183,9	172,4	9,4
Uitgestelde belastinglaste	195,7	193,6	203,0
Totale nie-bedryfslaste	3 820,7	4 971,4	4 038,4
Bedryfslaste			
Handels- en ander betaalbares	1 814,5	1 351,9	1 300,2
Lenings*	2 427,6	2 291,4	2 670,3
Uitgestelde betaalbares en ander korttermyn finansiële laste	170,6	174,8	179,1
Inkomstebelasting betaalbaar	170,5	140,3	70,8
Totale bedryfslaste	4 583,2	3 958,4	4 220,4
Totale laste	8 403,9	8 929,8	8 258,8
Totale ekwiteit en laste	18 116,5	12 822,1	12 521,8
Getal uitgerekte aandele (na aftrekking van tesourie-aandele) ('000)	431 591	359 652	360 666
Netto batewaarde per aandeel (sent)	2 193,0	1 018,6	1 114,8

*Bankoortrekkings is ingesluit as deel van lenings onder bedryfslaste.

*Verwys na notas in Aanvullende inligting.

Groep staat van omvattende inkomste

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 Rm	Ongeouditeer herstateer ses maande geëindig 31 Desember 2008 Rm	Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
VOORTGESETTE BEDRYGWIGHEDE			
Omset	4 576,0	4 142,3	8 450,3
Koste van verkope	(2 441,0)	(2 232,6)	(4 564,1)
Bruto wins	2 135,0	1 909,7	3 886,2
Ander bedryfsinkomste	150,7	4,4	4,1
Verkoops- en verspreidingskoste	(538,3)	(470,0)	(997,7)
Administratiewe uitgawes	(371,3)	(253,9)	(588,6)
Ander bedryfsuitgawes	(61,9)	(54,0)	(121,0)
Bedryfswins	1 314,2	1 136,2	2 183,0
Beleggingsinkomste	90,6	115,4	224,2
Finansieringskoste	(264,0)	(355,0)	(699,2)
Totale	1 140,8	896,6	1 708,0
Aandeel van na belasting netto verliese van geassosieerdes	(1,4)	(1,9)	(3,3)
Wins voor belasting	1 139,4	894,7	1 704,7
Belasting	(250,8)	(217,9)	(362,0)
Wins na belasting vanuit voortgesette bedrywighede	888,6	676,8	1 342,7
BEÏNDIGDE BEDRYGWIGHEDE			
Wins vir die periode/jaar van beëindigde bedrywighede	—	12,9	10,9
Wins vir die periode/jaar	888,6	689,7	1 353,6
ANDER OMVATTENDE INKOMSTE			
Bedrag erken in ekwiteit as gevolg van verskansingsrekeningkunde van verkrygings	—	—	(126,5)
Bedrag erken in ekwiteit as gevolg van verskansingsrekeningkunde van rentekoersruilings	—	(151,9)	6,5
Valuta-omrekeningsverskille	(37,1)	8,9	(399,9)
Gerealiseerde kontantvloeiaksie	(5,1)	—	4,8
Totale omvattende inkomste	846,4	546,7	838,5
Wins na belasting vir die periode/jaar toekryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	883,0	684,0	1 340,4
Minderheidsbelang	5,6	5,7	13,2
Totale omvattende inkomste vir die periode/jaar toekryfbaar aan:	888,6	689,7	1 353,6
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	840,8	541,0	824,1
Minderheidsbelang	5,6	5,7	14,4
Totale	846,4	546,7	838,5
Gewegde gemiddelde getal uitgerekte aandele ('000)	367 037	355 617	357 860
Verdiens te per aandeel – basies (sent)			
Voortgesette bedrywighede	240,6	188,7	371,5
Beëindigde bedrywighede	—	3,6	3,1
Totale	240,6	192,3	374,6
Verdiens te per aandeel – verwaterd (sent)			
Voortgesette bedrywighede	25	183,3	360,0
Beëindigde bedrywighede	—	3,4	2,9
Totale	23	186,7	362,9

Groep staat van kontantvloei

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 Rm	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2008 Rm	Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIVITEITE			
Kontantbedryfswins	1 482,0	1 327,4	2 668,3
Bedryfskapitaalveranderinge	(316,5)	(296,9)	(507,7)
Kontant uit bedrywighede voortgebring	1 165,5	1 030,5	2 160,6
Netto finansieringskoste betaal	(280,1)	(416,1)	(759,3)
Beleggingsinkomste ontvang	90,6	115,4	224,2
Belasting betaal	(185,2)	(184,1)	(333,4)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteit*	790,8	545,7	1 292,1
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIVITEITE			
Kapitaalbesteding ter vervanging – eiendom, aanleg en toerusting	(62,8)	(41,3)	(97,0)
Kapitaalbesteding ter uitbreiding – eiendom, aanleg en toerusting	(181,1)	(302,9)	(529,7)
Opbrengs met verkoop van tasbare bates	1,0	1,3	9,1
Kapitaalbesteding ter vervanging – ontasbare bates	(0,6)	(0,3)	(0,1)
Kapitaalbesteding ter uitbreiding – ontasbare bates	(154,8)	(2 987,2)	(3 279,8)
Opbrengs met verkoop van ontasbare bates	—	1,1	15,5
Verkryging van besighede	—	(22,7)	429,2
Kontant en kontant ekwivalente in verkrygde maatskappye	32,4	312,1	—
Verhoging in lantermyn finansiële bates	(0,1)	(37,9)	(0,4)
Vergoeding vir GSK transaksie	(4 575,8)	—	—
Betaling van uitstaande Onkologie besigheid aankoopprys	(9,2)	(69,2)	(103,5)
Netto kontant in beleggingsaktiwiteit aangewend	(4 951,0)	(3 147,0)	(3 556,7)
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE			
Opbrengs uit lenings	1,9	6 523,7	6 256,2
Terugbetaling van lenings	(67,5)	(3 105,9)	(3 134,6)
Terugbetaling van uitgestelde betaalbares	(0,7)	(4,0)	(12,2)
Dividend betaal	(0,8)	(0,8)	(0,8)
Opbrengs uit uitreiking van gewone aandeelkapitaal	12,0	13,2	20,4
Aandeel uitgereik aan GSK	4 575,8	—	—
Netto kontant van finansieringsaktiwiteit	4 520,7	3 426,2	3 129,0
Beweging in kontant en kontantekwivalente voor wisselkoersveranderinge			
	360,5	824,9	864,4
Gevolge van wisselkoersveranderinge	(42,6)	(298,5)	(486,4)
Kontant en kontantekwivalente	317,9	526,4	378,0
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die periode/jaar	1 322,9	944,9	944,9
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die periode/jaar	1 640,8	1 471,3	1 322,9
Bedryfskontantvloei per aandeel (sent)*			
	215,5	153,5	361,1
Groei in bedryfskontantvloei per aandeel teenoor die vorige jaar	40%	—	—
Die bogenoemde sluit beëindigde bedrywighede in, as volg:			
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteit	—	(1,5)	(8,1)
Netto kontant in beleggingsaktiwiteit aangewend	—	(5,6)	(5,7)
Netto kontant (aangewend in)/van finansieringsaktiwiteit	—	(19,9)	24,3
Gevolge van wisselkoersveranderinge	—	(1,4)	(0,1)
Beweging in kontant en kontantekwivalente	—	(28,4)	10,4
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die periode/jaar	—	(10,4)	(10,4)
Kontant en kontantekwivalente volgens die staat van kontantvloei	—	(38,8)	—
Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente			
Kontant en kontantekwivalente volgens die staat van finansiële posisie	1 959,5	1 560,1	2 065,3
Min: bankoortrekkings	(318,7)	(88,8)	(742,4)
Kontant en kontantekwivalente volgens die staat van kontantvloei	1 640,8	1 471,3	1 322,9

Vir doeleindes van die staat van kontantvloei bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, opeisbare deposito's netto van bankoortrekkings.

Wesensverdienste

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 Rm	Ongeouditeer herstateer ses maande geëindig 31 Desember 2008 Rm	Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE			
Wins toedeelbaar aan ekwiteitshouders van die houermaatskappy	883,0	684,0	1 340,4
Aangepas vir:			
Voortgesette bedrywighede			
– Wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting (na belasting)	1,6	0,5	3,1
– Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting (na belasting)	0,7	2,4	—
– Verlies met die verkoop van ontasbare bates (na belasting)	0,1	—	0,7
– Waardedaling van ontasbare bates (na belasting)	11,1	2,2	24,8
– Kapitaalwinst belasting op die oordrag van intellektuele eiendomsregte	20,6	—	—
– Versekeringvergoeding – kapitale komponent	(27,7)	—	—
– Terugskrywing van waardedalingverliese op ontasbare bates (na belasting)	—	—	0,1
Beëindigde bedrywighede			
– Verlies met die verkoop van Astrix Laboratories Ltd (na belasting)	—	—	24,1
– Wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting (na belasting)	—	—	0,3
Wesensverdienste	29	889,4	689,1
1 393,5			
Wesensverdienste			
Voortgesette bedrywighede	32	676,2	1 358,2
Beëindigde bedrywighede	—	12,9	35,3
	29	889,4	689,1
1 393,5			
Wesensverdienste per aandeel – basies (sent)			
Voortgesette bedrywighede	27	190,2	379,5
Beëindigde bedrywighede	—	3,6	9,9
	25	242,3	389,4
Wesensverdienste per aandeel – verwaterd (sent)			
Voortgesette bedrywighede	25	184,7	367,5
Beëindigde bedrywighede	—	3,4	9,2
	23	231,2	376,7

Groep staat van veranderinge in ekwiteit

	Aandeelkapitaal en aandeelpremie Rm	Tesourie-aandeel Rm	Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe Rm	Nie-verdeelbare reserwes Rm	Behoue inkomste Rm	Ekwiteitskomponent van voorkeuraandeel Rm	Minderheidsbelang Rm	Totaal Rm
Saldo op 30 Junie 2008	493,8	(571,6)	62,5	462,0	2 649,0	162,0	61,1	3 318,8
Totale omvattende inkomste	—	—	—	(519,9)	1 340,4	—	18,0	838,5
Wins vir die jaar	—	—	—	—	1 340,4	—	13,2	1 353,6
Ander omvattende inkomste	—	—	—	(519,9)	—	—	4,8	(515,1)
Dividend betaal	—	—	—	—	(0,8)	—	—	(0,8)
Uitreiking van gewone aandeelkapitaal	21,4	—	—	—	—	—	—	21,4
Tesourie aandeel gekanselleer	(5,4)	571,6	—	—	(566,2)	—	—	—
Aandeelopsies en apprasiasieregte toegeken	—	—	28,5	—	—	—	—	28,5
Oordrag vanuit aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	—	—	(37,7)	—	37,7	—	—	—
Terugskrywing van opeeloopte verliese in filiaal	—	—	—	(112,4)	112,4	—	—	—
Ekwiteitsgedeelte van belastingkortings ten opsigte van aandeelopsies skemas	—	—	—	—	55,4	—	—	55,4
Minderheidsbelang aanpassing	—	—	—	—	—	—	1,2	1,2
Saldo op 30 Junie 2009	509,8	—	53,3	(170,3)	3 627,9	162,0	80,3	4 263,0
Totale omvattende inkomste	—	—	—	(42,2)	883,0	—	5,6	846,4
Wins vir die periode	—	—	—	—	883,0	—	5,6	888,6
Ander omvattende inkomste	—	—	—	(42,2)	—	—	—	(42,2)
Dividend betaal	—	—	—	—	(0,8)	—	—	(0,8)
Uitreiking van gewone aandeelkapitaal	4 587,6	—	—	—	—	—	—	4 587,6
Aandeel uitgereik – aandeelskemas	11,8	—	—	—	—	—	—	11,8
Aandeel uitgereik – GSK transaksie	4 575,8	—	—	—	—	—	—	4 575,8
Aandeelopsies en apprasiasieregte toegeken	—	—	16,4	—	—	—	—	16,4
Oordrag vanuit aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	—	—	(0,9)	—	0,9	—	—	—
Saldo op 31 Desember 2009	5 097,4	—	68,8	(212,5)	4 511,0	162,0	85,9	9 712,6

Segmentontleding

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009		Ongeouditeer herstateer ses maande geëindig 31 Desember 2008		Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009	
	Rm	% van totaal	Rm	% van totaal	% verandering	%
OMSET VANUIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE						
Suid-Afrika	2 549,9	55	2 066,4	50	23	4 309,1
Sub-Sahara Afrika*	279,2	6	464,1	11	(40)	931,2
Internasionaal	1 797,2	39	1 611,8	39	12	3 210,0
Totale bruto omset	4 626,3	100	4 142,3	100	12	8 450,3
Aanpassing*	(50,3)	—	—	—	—	—
Totale omset	4 576,0	100	4 142,3	100	10	8 450,3
BEDRYFSWINNS VOOR AMORTISASIE, VERKOPE EN WAARDEDALING VAN ONTASBARE BATES VANUIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE						
Suid-Afrika	802,7	60	512,0	43	57	1 102,0
Bedryfswins	805,7	—	484,1	—	66	1 045,1
Amortisasie van ontasbare bates	21,2	—	27,9	—	—	37,8
Versekeringsvergoeding – kapitale komponent	(38,5)	—	—	—	—	—
Waardedaling van ontasbare bates	14,3	—	—	—	—	19,1
Sub-Sahara Afrika	45,4	3	98,6	8	(54)	178,4
Internasionaal	488,7	37	573,2	49	(15)	1 022,4
Bedryfswins	463,1	—	553,5	—	(16)	959,5
Amortisasie van ontasbare bates	25,6	—	19,7	—	—	57,2
Waardedaling van ontasbare bates	—	—	—	—	—	5,7
Totale omset	1 336,8	100	1 183,8	100	13	2 302,8

OPENBAARMAKING VAN ENTITEITE – OMSET

Ontleding van omset in ooreenstemming met klient geografie

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009		Ongeouditeer herstateer ses maande geëindig 31 Desember 2008		Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009	
	Rm	% van totaal	Rm	% van totaal	% verandering	%
Plaaslike handelsmerke						
Suid-Afrika – farmaseuties	1 975,4	43	1 524,9	37	30	3 208,3
Suid-Afrika – verbruiker	574,5	13	541,5	13	6	1 100,8
Sub-Sahara Afrika	279,2	6	464,1	11	(40)	931,2
Asië Pasifities	521,6	11	483,6	12	8	915,4
Latyns Amerikaanse	345,3	8	407,9	10	(15)	841,3
Res van die wêreld	106,7	2	24,6	—	334	15,3
Totale bruto omset van plaaslike handelsmerke	3 802,7	83	3 446,6	83	10	7 012,3
Aanpassing*	(50,3)	—	—	—	—	—
Totale omset van plaaslike handelsmerke	3 752,4	82	3 446,6	83	9	7 012,3
Globale handelsmerke						
Asië Pasifities	226,5	5	158,5	4	43	336,1
Latyns Amerikaanse	154,4	3	110,1	3	40	196,2
EMONA^	413,8	9	393,2	9	5	826,0
Res van die wêreld	28,9	1	33,9	1	(15)	79,7
Totale omset van globale handelsmerke	823,6	18	695,7	17	18	1 438,0
Totale omset	4 576,0	100	4 142,3	100	10	8 450,3

*In afhang van die toekomstige wesenlikheid van die Sub-Sahara Afrika gebied, het Aspen 'n aparte bestuurs- en rapporteeringsstruktuur gevestig vir die sub-Sahara Afrika gebied en die segmentontleding is aangepas en gherstateer om die addisionele segment in te sluit.

^Die wisselingsbedrag vanaf die GSK Aspen Healthcare for Africa samewerkingsooreenkoms is getoon as omset in die staat van omvattende inkomste. Vir segmentontledingsdoeleindes is die totale omset vanuit die samewerkingsooreenkoms ingesluit om die sigbaarheid van omset in die gebied te verbeter.

*Europa, Middel-Ooste en Noord-Afrika gebiede.

Aanvullende inligting

	Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 Rm	Ongeouditeer herstateer ses maande geëindig 31 Desember 2008 Rm	Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
A. KAPITAALBESTEDING			
Aangegaan	399,3	3 331,7	3 906,6
– tasbare bates	243,9	344,2	626,7
– ontasbare bates	155,4	2 987,5	3 279,9
Gekontraakteer	172,2	88,3	87,3
– tasbare bates	100,0	—	5,8
– ontasbare bates	72,2	88,3	81,5
Gemagtig maar ongekontraakteer	301,8	279,5	226,9
– tasbare bates	421,2	—	12,1
– ontasbare bates	—	—	—
B. BEDRYFSWINNS IS BEREKEN NA DIE VOLGENDE IN AANMERKING GENEEM IS			
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	73,3	53,2	115,7
Amortisasie van ontasbare bates	46,8	47,6	95,0
Aandeelgebaseerde betalingsuitgawes	13,3	14,4	29,5
Uitgestelde bonus – werknemers	3,1	—	—
Versekeringsvergoeding	(144,7)	—	—
C. BELEGGINGSINKOMSTE			
Rente ontvang	90,6	115,4	224,2
D. FINANSIERINGSKOSTE			
Rente betaal	(280,9)	(310,9)	(614,9)
Netto buitelandse valuta winste/(verliese)	25,1	(28,2)	(0,9)
Billike waarde winste/(verliese) op finansiële instrumente	(7,0)	1,5	(52,4)
Geagte rente op finansiële instrumente	0,9	3,5	7,3
Voorkeurdividend betaal	(14,3)	(20,9)	(38,3)
Finansieringskoste	(264,0)	(355,0)	(699,2)
E. ONTASBARE BATES BEWEGING			
Openingsaldo	4 103,6	3 705,7	3 705,7
Netto verkrygings van besighede, filiale en gesamentlike ondernemings	—	79,2	19,5
Kapitaalbestedings – GSK	3 808,4	—	—
Kapitaalbestedings – ander	155,4	344,2	626,9
Verkope	—	(1,1)	(16,4)
Amortisasie van ontasbare bates	(46,8)	(52,7)	(104,4)
Efiek van wisselkoersveranderinge	(161,7)		